Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 22 November 1950 Prys 3d. No. 1

# V.P. SENATOR WIL H.N.P. NADER

**Die Unie se buitelandse-, verdedigings- en naturellebeleid behoort uit die partypolitiek verwyder te word, het senator G. Heaton Nicholls op die Natalse provinsiale kongres van die Verenigde Party in Pietermaritzburg gesê. Hy het 'n beroep op die V.P. gedoen om die H.N.P. te nader ten einde 'n samewerkooreenkoms oor hierdie sake te verkry.**

Senator Nicholls het verduidelik dat hy nie 'n koalisie tussen die partye bepleit nie. Al werk die partye saam oor die sake wat hy genoem het, bly daar nog genoeg sake oor waaroor hulle kan twis, het hy gesê.

### OPPOSISIE MOET TWIS

As daar saamgewerk kan word oor die groot sake wat senator Nicholls genoem het is dit moeilik om te verstaan waarom die partye nie ook oor kleiner sake kan saamwerk nie. Juis daarom bepleit die O.B. volksregering instede van partyregering.

Maar die partystelsel vereis 'n opposisie wat met die regerende party moet „twis" en daarom kan by voorbaat reeds voorspel word dat daar niks tereg sal kom van senator Nicholls se voorstel nie.

# PRYSE STYG STEEDS: GELD AL GOEDKOPER

**Verlede week het die Minister van Landbou, mnr. S. P. le Roux, aangekondig dat skaap- en lamvleis voortaan vryelik in beheerde gebiede ingebring mag word, maar dat die pryse van sodanige vleis verhoog word.**

**Voortaan sal boere 2d. per pond meer kry vir skaapvleis en 3d. per pond meer vir lamvleis. Van aanstaande jaar af sal boere 6s. per honderd pond meer kry vir beesvleis en premies van 10s. tot 15s. per honderd pond vir die grade prima en super.**

**Van vandeesweek af moet die verbruiker meer betaal vir sy skaapen lamsvleis en vanaf Februarie aanstaande jaar ook meer vir beesvleis.**

Insoverre die Minister se maatreëls genoegsame hoeveelhede vleis vir die stede beskikbaar gaan stel, moet dit verwelkom word. Dit mag selfs toegegee word dat duurder vleis beter is as geen vleis. Maar as die hele veld van prysverhogings in aanmerking geneem word dan moet verklaar word dat die verhoging van die vleispryse die arm- en middelklasman swaar gaan tref. Die Afrikaner in die stad, wat lief is vir vleis, sal die waarheid hiervan baie gou ondervind.

### SLAAN MEKAAR

Omdat die probleem van stygende lewenskoste deur die partypolitici gebruik word as 'n lat waarmee hulle mekaar slaan is dit heeltemal verstaanbaar dat die politici van die regeringspartye 'n verkleinglas en die politici van die opposisiepartye 'n vergrootglas gebruik wanneer hulle na die probleem kyk. Maar al hierdie gepolitiek oor lewenskoste verander niks aan die werklikheid van stygende pryse nie. Die stygings gaan maar voort en die daelikse bestaan word al hoe duurder.

### MOTORBANDE

Kort gelede is aangekondig dat die pryse van buite- en binnebande van motors in die kleinhandel met 15 persent en 17½ persent onderskeidelik verhoog is. Dit beteken dat 'n buiteband wat £7 3s. 2d. gekos het voortaan £8 4s. 8d. sal kos en dat die prys van die binneband van £1 1s. 3d. tot £1 5s. gestyg het. Die boere moet voortaan 11 persent meer betaal vir sy trekker se buitebande en 17½ persent meer vir die binnebande. Op hierdie manier styg die produksiekoste en vervoerkoste op 'n wyse wat nie skouspelagtig is nie, maar wat tog in die beursie waargeneem kan word.

### KLEREPRYSE

Onlangs het mnr. A. J. Wessels, die bestuurder van 'n groot klerefabriek in Johannesburg 'n skerp styging in klerepryse voorspel. Volgens hom sal 'n vaalbroek wat tans £5 tot £5 10s. kos aanstaande jaar in September £7 2s. 6d. kos; en 'n pak klere wat tans £18 kos, sal dan £23 kos. 'n Statistikus kan gerus uitwerk wat 'n normale vader van 'n huisgesin se salaris moet wees as hy kan bekostig om goedgeklee te gaan in pakke klere van £23 elk; en broeke van £7 2s. 6d. elk; en baadjies van £12 en meer.

'n Koerantman in Kaapstad het ondersoek ingestel na die maandelikse salaris waarop 'n man, vrou en twee kinders in die stad kan bestaan. Hy het gevind dat £67 6s. verdien moet word. Daar is talle gesinne in Kaapstad wat nie soveel per maand verdien nie. Die afleiding is dat sodanige gesinne in kommer en sorg van die hand tot die tand moet leef.

### HOOGTE INGESLUIP

'n Kaapstadse koerant het die pryse van artikels soos geadverteer in 1936 vergelyk met die pryse van dieselfde artikels wat in 1950 geadverteer word. En dis verbasend hoe die pryse stadigweg die hoogte ingesluip het. 'n Rok en 'n onderrok wat destyds 19s. 6d. en 5s. 11d. gekos het, kos vandag 35s. en 17s. 6d. onderskeidelik. Die vrou wat destyds 'n baadjije van £1 1s. gekoop het, moet vandag £6 6s. daarvoor betaal.

Manshemde het gestyg van 19s. 6d. tot 35s. en skoene van 22s. 6d. tot 45s.; koffie van 11d. na 3s. 11d. per pond; sokkies van 2s. 6d. tot 7s. per paar; borde van 6d. tot 1s. 3d. stuk; tamatiesous van 10d. na 1s. 5d. per bottel. En hierdie lys van duurder artikels kan tot in die oneindige aangevul word, soos elke vader en moeder weet.

### MANIPULASIE MET GELD

**Waarom het die pryse van byna alle artikels dan duurder geword? Is dit omdat die artikels minder geword het? Of is dit omdat die geld goedkoper geword het? Laasgenoemde is die regte antwoord. En dit is hierdie soort geheimsinnige manipulasie met die inkomste van die gewone man wat daardie selfde gewone man en sy vrou vyande maak van die kapitalistiese stelsel en wat hulle laat verlang na 'n volkstaat wat as sy eerste plig aanvaar die versorging van die huisgesinne van die volk. En hierdie versorging geskied nie as aalmoese uit die kapitalistiese skatkis nie, maar as bestaanbare vergoeding vir arbeid en produksie gelewer.**

# Derde Laertrek



**Op meegaande foto verskyn die honderde offisiere en brandwagte uit alle dele van Suid-Afrika wat die derde Uniale Laertrek van die Ossewabrandwag op Bloemfontein bygewoon het. Hulle is voor die Stadsaal afgeneem. In die derde ry van voor af, in die middel, sit dr. J. F. J. van Rensburg; en in dieselfde ry, links en regs van hom, sit die lede van die Uitvoerende Raad.**

# Unie Wens Stalin Voorspoed Toe

**Daar het 'n paar weke gelede iets gebeur wat 'n eienaardige lig werp op die amptelike mentaliteit in ons land ten opsigte van die Kommunisme, hoewel daar nie veel publisiteit aan die gebeurtenis verleen is nie.**

Dit was naamlik op 7 November die 33ste verjaardag van die Kommunistiese Revolusie as gevolg waarvan die Rooi bedreiging waarteen ook ons eie regering tydens die jongste parlementsitting die oorlog binnelands verklaar het, die teuels in Moskou oorgeneem het. Sedertdien het meer mense in Oos-Europa onder die hand van hierdie wêreldbende omgekom as wat daar gesneuweldes in die twee wêreldoorloë was. Vandag vorm hierdie bende die grootste bedreiging vir die Westerse beskawing en die Weste verkeer dan ook in 'n „warm oorlog" met 'n deel en in 'n „koue oorlog" met die res van hierdie bende.

**In sulke omstandighede is dit reeds onverstaanbaar dat regerings, en meer in besonder ons eie regering, nog steeds 'n Sowjet-konsulaat handhaaf terwyl die Unie en Rusland feitlik geen handelsbetrekkinge het nie. Maar dit word verbysterend wanneer ons regering afgevaardigdes na die Russiese konsulaat stuur om Moskou geluk te wens met die herdenking van sy bloedige revolusie. En dit is presies wat op 7 November gebeur het. Die Sekretaris van Buitelandse Sake, mnr. D. D. Forsyth, is deur die regering afgevaardig na 'n onthaal wat deur die Russiese konsul-generaal gegee is, en daar het hy „die Suid-Afrikaanse regering se goeie wense vir die welsyn en welvaart van die Sowjetunie" oorgebring.**

**Is dit nie hoog tyd dat die regering die Sowjet-konsulaat toesluit eerder as om hom geluk te gaan wens met sy land se bloedbevlekte bewind nie?**

# Beheer Oor Waterbronne

Die kommissie wat ondersoek instel na die Waterwette beoog 'n vaste beheerliggaam met mag om die waterbronne van die Unie in die landsbelang te gebruik, luidens 'n verklaring van die voorsitter, regter C. H. Hall. Hy het gesê dat baie water ongebruik na die see afloop. Negentig persent van die Oranjerivier se water vloei bv. na die see en spoel 'n geweldige klomp grond saam. Die gedagte is dat die staat beheer moet neem oor al die waterbronne, maar dat geen verandering aangebring moet word in gevalle waar bestaande regte tot voordeel van die staat uitgeoefen word nie.

# Bevolking Neem Af

**Die vermeerdering van die bevolking neem af. In die afgelope 10 jaar het die aantal mense onder 15 jaar verminder van 36.6 na 31 persent van die bevolking, het dr. J. H. Brink, Waarnemende Gesondheidshoof van die Vrystaat in Bloemfontein verklaar.** As die tendens voortduur, het hy gesê, sal daar eersdaags net soveel ou mense as jong mense wees. Dit is 'n ernstige saak want die beskikbare arbeidskragte neem af.

Dr. D. N. Murray, hoof van die Welsynsafdeling van die Johannesburgse Munisipaliteit het gesê dat oor 10 jaar een uit agt mense in die Unie ouer as 60 jaar sal wees. Mense sal in die toekoms moet aanhou werk selfs al het hulle die 60-jarige ouderdom bereik.

DIE O.B., WOENSDAG, 22 NOVEMBER 1950

# DIE O.B. GAAN VOORT

Uit die kringe van die Afrikanerparty is die Ossewabrandwag in die jongste tyd tweekeer met advies bedien.

Dr. Jan Steyn L.V. wat 'n uitnodiging aanvaar het om as gas-spreker voor die Laertrek op Bloemfontein op te tree het eers verduidelik dat hy nie lid van die O.B. is nie en dat hy trouens nooit lid van die O.B. was nie. Hy het homself beskryf as 'n vriend van die O.B. en toe voortgegaan om op grond van hierdie verklaarde vriendskap aan die O.B. raad te gee oor sy toekomstige optrede. Die Vaderland het 'n paar dae later die voorbeeld van dr. Jan Steyn gevolg en soortgelyke en aanvullende raad aan die O.B. gegee.

## BEKERTJIES KOUE WATER

Dit is opvallend dat sowel dr. Jan Steyn as Die Vaderland se raad aan die O.B. te doen het met die republikanisme van die beweging; en dit tref 'n mens dat hulle nie die O.B. se republikeinse ywer begroet het nie; ook nie daaroor geswyg het nie; maar dat hulle inteendeel — op baie fatsoenlike wyse — 'n bekertjie koue water daaroor probeer gooi het.

**Die O.B. aanvaar sonder voorbehoud die welmenendheid van sy raadgewers maar as republikeinse volksbeweging is hy verplig om ook sonder voorbehoud die raad wat hulle gegee het te verwerp.**

In die lig van die raadgewinge uit die kringe van sy party is dit slegs billik om die houding wat mnr. N. C. Havenga tot dusver in die praktyk teenoor die O.B. ingeneem het in herinnering te roep.

## HAVENGA SE HOUDING

Eerstens het mnr. Havenga aanvaar dat die Ossewabrandwag en die politieke partye op verskillende terreine opereer — eersgenoemde buite die parlementêre terrein en laasgenoemde op die parlementêre terrein.

Tweedens het mnr. Havenga openlik verklaar dat hy nie lid is van die nie-partypolitieke O.B. nie; dat sy party geen ooreenkoms kan hê met 'n nie-partypolitieke organisasie nie; en dat hy en sy party derhalwe niks te make het met die O.B. en sy bedrywighede op die nie-partypolitieke terrein nie.

Derdens het mnr. Havenga verklaar dat lede van die O.B., wat ook aan die partypolitieke en parlementêre stryd wil deelneem, welkom is om by die Afrikanerparty aan te sluit, mits hulle dit doen in goeie trou en met onderskrywing van die party se konstitusie.

**Uit hoofde van hierdie houding — dit wil ons beklemtoon — het mnr. Havenga hom nog nooit ingelaat met die sake van die O.B. nie — nie met die beweging se republikanisme nie en ook nie met die beweging se voortbestaan nie.**

## DIE ONVERVALSTE REPUBLIEK

Dr. Jan Steyn het sy advies baie taktvol aangebied in die vorm van 'n vraag: „Is die inhoud wat die O.B. aan die republikeinse ideaal wil gee rede genoeg om 'n aparte politieke beweging in stand te hou?" Vooraf het dr. Jan Steyn gesê dat die H.N.P. en die A.P. albei republikeinse partye is en dat daar derhalwe oor hierdie saak geen verskil tussen die partye en die O.B. is nie.

**Voordat dr. Jan Steyn se vraag beantwoord kan word, moet eers die verkeerde veronderstelling waarvan hy uitgaan verwyder word.** Is daar werklik geen verskil oor republikanisme tussen die O.B. en die politieke partye nie? Het dr. Jan Steyn dan vergeet van die valse ideaal van 'n republiek binne die Britse Statebond wat in die afgelope paar jaar verkondig word? Heeltemal afgesien van wat ander bereid mag wees om te aanvaar, moet verklaar word dat die O.B. nie bereid is om stilswygend te aanvaar dat die Afrikaner se republikeinse ideaal afgetakel word tot 'n mak strewe na 'n republiek wat die Britse konneksie behou nie. **Die inhoud wat die O.B. aan die republiek wil gee, is nie die enigste rede vir die O.B. se bestaan nie; dit is ongetwyfeld 'n baie belangrike rede vir sy bestaan, maar die onvervalsde republiek self, en bowendien die daadwerklike stryd daarvoor is ander dringende redes vir die O.B. se bestaan.**

## DIE MIDDELPUNT VAN KRAG

En ons is bly om juis aan dr. Jan Steyn te mag sê dat niemand minder as wyle genl. Hertzog ook so gedink het nie.

In 1942 het hy die Afrikanervolk gewaarsku teen twee doodsvyande. Ten aansien van die eerste het hy gesê:

„As eerste van hierdie twee doodsvyande van die Afrikanerdom, geld die nooit versadigde poging — so oud as die aanvang van die Britse oorheersing in Suidelike Afrika — om deur die een of ander soort, of mate, van nouer vereniging met die Britse Empire, die vryheid van die Afrikanerdom in Suid-Afrika, waar die ook al mag bestaan, hetsy deur lis, hetsy deur goedwillige instemming, aan bande te lê en aan die gesag van Groot-Brittanje te onderwerp; waardeur dan die Afrikanerdom in belang van die Brit en Groot-Brittanje kan beperk word in sy vrye optrede wat betref vraagstukke van binne- sowel as van buitelandse belang."

**Die O.B. beskou die Londense ideaal van 'n republiek binne die Britse Statebond as die jongste van die „nooit versadigde pogings" om die vryheid van die Afrikanerdom in Suid-Afrika aan bande te lê.**

Die tweede doodsvyand het genl. Hertzog genoem „die

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

heersugtige partykramer uit eie volk op soek na eer en eie-belang binne eie party." **Hierdie doodsvyand het weer te doen met die inhoud van die republiek — wat partyloos moet wees.**

**En om teen hierdie doodsvyande te veg en vir die republiek en die partylose inhoud daarvan het genl. Hertzog alreeds in 1942 die Afrikaners opgeroep om bymekaar te staan en „'n middelpunt van krag te vorm." Sodanige middelpunt van krag het die Ossewabrandwag geword.**

## OMVATTENDSTE EENHEID

Bowendien wil ons herinner dat die omvattendste eenheid wat die Afrikanervolk van hierdie geslag bereik het, nl. die volkseenheid van 1941, juis gebou was op die onvervalsde republiek en op die inhoud daarvan.

**Die O.B. pleit vir die herrysenis van daardie eenheid op daardie selfde grondslag. Eenheid op 'n ander grondslag loop gevaar om nie nasionale eenheid te wees nie.**

Nadat dr. Jan Steyn se vraag eers effe gekorriseer is, moet derhalwe bevestigend daarop geantwoord word — soos die Laertrek tewens reeds in Bloemfontein gedoen het.

## VERTROEBELING?

Die Vaderland het in aanvulling by dr. Jan Steyn se advies aan die hand gedoen dat dr. Van Rensburg hom liefs nie moes veroorloof het om die republikeinse ideaal by hernuwing voorop te stel nie. „Want", sê die blad, „onder ander implikasies beteken die poging om die republiek voorop te stel 'n mate van komplikasie vir die O.B. se goeie vriend mnr. Havenga. Dit is nl. nie denkbaar nie dat die poging om die O.B. te maak, draer van die republikeinse ideaal buite die politiek' iets anders as vertroebeling sal afgee nie."

**Ons moet eerlik erken dat Die Vaderland se „implikasies" vir ons heeltemal duister is. Ons begryp hoegenaamd nie hoe die republikeinse strewe van die O.B. komplikasies kan beteken vir die leier van die Afrikanerparty wat niks te make het met die O.B. nie. En bowendien volgens dr. Jan Steyn en die party se program van beginsels is die Afrikanerparty 'n republikeinse party en ons kan ook nie begryp hoe die vooropstelling van die republikeinse strewe deur die Ossewabrandwag komplikasies kan beteken vir die leier van 'n republikeinse party nie.**

Derhalwe het ons nie veel aan die advies van Die Vaderland dat dr. Van Rensburg en die O.B. liefs nie die republikeinse ideaal moet voorop stel nie.

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Baie Ingenome*

Saam met honderde ander lede van die Ossewabrandwag uit alle dele van die land het ek ook die Laertrek op Bloemfontein bygewoon. En ek het dit geniet — ten volle geniet. Dit het my O.B.-hart goed gedoen om weer 'n slag my O.B.-bors te kon uitstoot.

Ek het onder die Laergangers beweeg: hier 'n geselsie met een aangeknoop en daar weer 'n gesprekkie met 'n ander gevoer. En ek moet my ingenomendheid bely. Die gewone manne en vroue van ons Beweging het die opvattings, ideale en strewe van die Ossewabrandwag hul eie gemaak. Dit het deel van hulle lewensbeskouing geword. Ek het baie sterk onder die indruk gekom dat geen partypolitikus — hoe geslepe hy ookal mag wees — en geen partykoerant — hoe groot sy sirkulasie ookal mag wees— en geen partypropaganda — hoe oulik dit ookal ingeklee mag word — ooit daarin sal slaag om die O.B.-lede van hulle oortuigings te vervreem nie.

Omdat die Ossewabrandwag die enigste organisasie is wat die geloof en oortuigings en die verwagtinge van duisende Afrikaners verteenwoordig, is die beweging onvernietigbaar — omdat hy lewe in die harte van sy lede.

### *Nuwe Stryd Lê Voor*

Toe ek na die toesprake geluister het wat op die Laertrek gelewer is — oortuigende en besielende toesprake — het die besef tot my deurgedring dat die Ossewabrandwag nie alleen op die huidige tydstip 'n vername taak het om te verrig nie, maar dat die Beweging ongetwyfeld in die nabye toekoms verplig gaan word om 'n nuwe onvermydelike stryd aan te knoop.

Ek is bereid om my volle gewig in daardie stryd te gooi—trouens ek sien uit daarna.

Die onmiddellike taak van die Ossewabrandwag is om te waarsku teen die sabotasie van die tradisionele republikeinse koers en die aftakeling van die neergelegde nasionale strewe van die Afrikanervolk. Die Ossewabrandwag moet alles in sy vermoë doen om 'n moderne aanvaarding van 'n nuwe en dodelike konsiliasie-beleid teenoor die Britse Empire te belet.

En as die Ossewabrandwag se waarskuwings op dowe ore val dan voorsien ek dat die beweging eersdaags sal moet begin veg vir onbevlekte Afrikaner-nasionalisme.

### *Vegter Sonder Weerga*

Daar was 'n hele aantal interessante en aanskoulike persoonlikhede op die Laertrek. Ongetwyfeld die langste man was oom Louis Bootha. Daarbenewens het sy hoed die breedste rand en die hoogste bol van al die hoede op die Laertrek gehad. En sy lag was die aansteeklikste. Oom Louis is baie bekend en bemind in die Ossewabrandwag en die feit dat hy soos 'n baken uitgestaan het op die Laertrek het hom altyddeur die middelpunt van 'n vrolike groep gemaak. Oom Louis boer tans in die Noord-Transvaal — baie vêr van oral af. Maar voordat hy daar vêr gaan woon het, het hy die Suid-Transvalers gelei en was sy hoofkwartier op Johannesburg. In „Oom Louis se dae" soos sy mense daardie tydperk nou nog noem, het dit glo vinnig en lekker gegaan in daardie gebied. Want Oom Louis is 'n vegter sonder weerga.

### *Weelderige Baarde*

Ek moet beken dat ek die weelderigste en waardigste baarde wat ek vir 'n baie lang tyd aanskou het, gesien het op die gesigte van drie Ooms wat die Laertrek bygewoon het. Ek gaan hulle name noem: mnre. J. H. van der Berg (Bothaville); H. Neethling (Lydenburg) en N. P. Rademeyer (Humansdorp).

Dit lyk vir my asof die moestas op die bolip beslis in onguns geraak het in ons tyd. Mens sien selde of ooit deesdae 'n ordentlike moestas — op die Laertrek het ek net een gesien! In my kinderjare het die Ooms almal moestas gedra en ek het verlangend uitgesien na die dag dat ek ook met so 'n moestas sal kan spog. Helaas, my jeugdige ambisie het lank reeds verwelk.

Deesdae, so wil dit my voorkom, is die snorretjie nogal baie populêr — miskien net minder populêr as kaalskeer.

### *Verskil tussen Afrikaner En Suid-Afrikaner*

Mnr. A. L. de Jong, van Robertson, vertel my van 'n paar insiggewende gesprekke wat hy 'n tyd gelede gevoer het. Hy skryf:

„Die verskil tussen 'n Afrikaner en 'n Suid-Afrikaner is onlangs aan my verduidelik deur 'n Engelse Immigrant en 'n afstammeling van 'n 1820-setlaar.

„Die Immigrant sê: ,Toe ek twee jaar gelede hier aanland het my betrekking my gedwing om Afrikaans so spoedig moontlik te leer praat en skrywe. My mede-winkelbediendes wat 20—30 jaar gelede hier kom werk het, sê — wanneer ek hulle om die Afrikaans van 'n winkelterm vra — dat mens sonder Afrikaans kan klaarkom. Daardie mense is Engels teenoor jou; hulle is Suid-Afrikaners teenoor my. Ek wil 'n Afrikaner wees soos jy, mnr. De Jong — nie Suid-Afrikaner soos hulle is nie.'

„Die afstammeling van die 1820-setlaar het verlede week aan my gesê: ,Hoe het die Nederlanders dit reg gekry om die Franse en Duitsers 'n ander taal te laat praat as hulle eie? Die Engelse sukkel al van hulle koms hierheen om Engels die enigste taal van ons land te maak maar slaag nie daarin nie, doen wat ons wil.'

„Ek moes op my manier verduidelik deur te sê dat die Nederlander, Fransman, Duitser en die Kleurling saam gebou het aan 'n taal. Jou tien plaasvolk sê vir jou wat hierdie plaas se taal is. Die taal het gekom om te bly en word gepraat van Kaap Agulhas tot aan die Suidgrens van die Sahara. Julle het hierdie land 'n anderhalwe eeu te laat verower."


# AFSLUITING FUNKSIE

word gehou op

**Maandag 8 nm. in die**

**EBENEZER-SAAL, MAITLAND.**

SPREKERS:

**Dr. F. D. du T. van Zyl, Kaaplandse Leier.**

**Mev. Dr. J. S. du Toit, Kaaplandse Leidster.**

**O.B.-Blaasorkes: Versversinge word bedien.**

Word verwag dat alle offisiere en brandwagte van die Hfgenlskap A1-2 teenwoordig sal wees.

**Vriende en belangstellendes word ook hartlik uitgenooi.**

# DIE REPUBLIEK, SOOS DR. VAN RENSBURG DIT SIEN

**Dr. J. F. J. van Rensburg het op die pasgehoue Laertrek van die Ossewabrandwag te Bloemfontein onder andere twee punte gestel wat aandag verdien. Eerstens het hy die Beweging se republikeinse grondslag nogmaals benadruk. Tweedens het hy dit as vereiste vir die nog ongebore republiek gestel dat dit op die vaste bodem van omvattende vertroue van alle volksdele in die Unie gevestig moet wees.**

**Twee van hierdie bevolkingsgroepe het hy by name aangedui: die Engelse; die nie-blankes.**

### GEEN STAAT KAN OP VREES GEBOU WORD NIE

Hierdie waarheid kan gerus met driedubbele onderstreping vereer word. Geen staat wat sy sake nie so kan reël dat diegene wat in sy landpale hulle lewe moet slyt dit sonder vrees kan doen nie het enige hoop op 'n plek in die geskiedenis nie.

Vrees is sielkundig — dus lank nie altyd logies of redelik nie. Al sou die vrees dus spruit uit 'n bron wat hoofsaaklik in die verbeelding van die vreesbevangene bestaan dan nog is dit ewe noodlottig as 'n redelike.

### REPUBLIKEINE KAN VREES TEENGAAN

Ongelukkig moet ons nou hier erken dat, tensy met of sonder rede, daar heelwat vrees in die Unie bestaan. Hoewel dit 'n onbegonne taak sou wees om vir alle angsbevangenheid psigiater te speel kan ons as republikeine by uitnemendheid één groot oorsaak van dié gevoel van onsekerheid by andersdenkendes verwyder. **En hiermee beland ons in die middel van ons hele verwaarloosde dog akute GRONDWETPROBLEEM.**

### ONS MEERDERHEIDSDIKTATUUR

Die nuutste en juridiesgesproke heelwaarskynlik suiwere staatsregtelike opvattings van ons Apélhof en van die staat se regsadviseurs aanvaar die beginsel dat daar geen regsbeletsel bestaan om te verhinder dat die Parlement met 'n gewone meerderheid, d.w.s. vanaf een opwaarts, enige wetgewende stappe sal neem nie. Die verskanste klousules ewemin as enige ander bepaling van die Grondwet of enige ander wet is teen die wil van die parlementêre meerderheid bestand. Voorwaar 'n aangename gedagte vir die Regering-van-die-dag! Minder aangenaam vir die Opposisie. Minste aangenaam van almal vir diegene wat nie eers in die Opposisie of Regering verteenwoordiging geniet nie.

### GEVARE VAN NUUTSTE BESKOUINGS

In hierdie verband kan ek sommer met 'n persoonlike bekentenis wegspring. Ek is 'n Afrikaanssprekende, deelagtig aan die politieke ideale en gesindheid van my volk, dus behoort ek tot dié bevolkingsgroep wat op getalle geoordeel die meerderheid van die kiesers lewer en meer waarskynlik as enige ander groep die voordele van meerderheidsregering gaan geniet.

Nietemin voel ek onrustig. Wie 'n rusie begin moet dit kan oorleef. 'n Afrikaanssprekende

**Deur J. de Vos**

bewind van vandag mag plek inruim vir 'n andersoortige bewind van môre. In ons staatsvorm **moet** dit geskied. So word die partystelsel deur vriend en vyand geken. En ek wil by voorbaat sê dat ek heeltemal ongeneë is om vir my genot in die wetgewing van die Afrikaansgesinde regering te betaal met die wee wat mag volg wanneer 'n ander bewind in sy skoene mag kom staan. 'n Paar van die onaangenaamste moontlikhede wat my volk kan tref, doem reeds teen die gesigseinder op.

### DIE KWEEKPLEK VAN VREES

Nou volg dit weer dat as ek as lid van die sterkste bevolkingsgroep in die Unie so voel, hoe voel die ander, die Engelssprekendes, die anderkleuriges? Die antwoord op die vraag ontbreek nie. Dit word van die politieke dakke en in die politieke binnekamers verkondig. Dis dikwels onsinnige propaganda. Maar dis effektief, hier en oorsee. **Nog erger, die staatsvorm waaraan ons kleef bied 'n voorwendsel vir die skynheiliges en 'n werklike bron van bedenking vir die eerlik bekommerdes.**

By al hierdie feite is daar een saak wat ons moet onthou: geen ordentlike staat, op die lang duur miskien ook geen ander nie, kan sy masjinerie laat voortbeweeg wanneer 'n sterk groep mense binne sy grense tereg of verkeerd glo dat hulle voortbestaan daarvan afhang of hulle die bewind gaan behou of nie. Dis die punt wat ons in Suid-Afrika vinnig nader. En hierteen het ons staatsmasjien geen remme nie. Dit kweek sterk partye wat bloei in die boesem van nasionale eenhede en met steeds meer diktatoriale magte die lang afdraande na politieke verydeling of gaos afseil.

### PARTY AAN BEWIND IS ALTYD TEVREDE

Vir die horendes is dié dinge lank gelede en ook dikwels binne en buite die Ossewabrandwag gesê. Ook Engelse geleerdes het al meegedoen. **Ongelukkig is daar altyd minstens een party of partygroep, nl. dié wat aan bewind is, wat so tevrede met die toestand is dat geen behoorlike verandering aangedurf kan word nie.**

### VERANDERING IS MOONTLIK

Maar die verandering is nie slegs dringend nodig nie. Dis ook moontlik. **In 'n presidensiële regeringstelsel soos die V.S.A. het en die boererepublieke gehad het, is daar opgesluit nie alleen vermoë tot aksie nie, maar ook veiligheid teen tirannie — en albei in 'n ruimer mate as by ons tans die geval is.**

Die vermoë wat daardie stelsels toon, spruit uit die feit, wat al so dikwels in hierdie blad genoem is, dat **die kille hand van die partydiktatuur nie alle dinamiek en lewe doodwurg nie. Die presidensiële stelsel is nie vir sy bestendigheid van die bestaan van 'n sterk partytug afhanklik nie. Dié bestendigheid vind hy in homself. Sy organe, die President, die Hooggeregshof van die Republiek, die Senaat, die Huis van Verteenwoordigers word vir vaste termyne daar gestel. Geen partyneerlaag kan hul ontsetel voor verloop van die tyd nie.**

### DIE PRESIDENT

Veral by die President kom die kontras met ons stelsel treffend na vore. Hy word gekies om die volk as nasionale eenheid te beliggaam. As hy dit doen, het hy meer en groter magte as die Eerste Minister in die Unie. Geen krisis is vir hom te groot nie. Dit bewys die geskiedenis, ook van die hede. Dog as hy seksioneel optree dan is sy magte, gode sy dank, veel minder en meer beperk as dié van ons Eerste Minister. Selfs sy partygenote skroom nie om teen hom te gaan nie. Truman het dit dikwels ondervind. **Maar hy het dit net so dikwels ervaar dat sy partyvyande ook nie skroom om hom te steun as hy in tye van nasionale nood die geheel en nie die seksie wil dien nie.** Vir die staat is die vrugte besonder bevredigend.

In die Grondwet van die V.S.A. vind minderheidsgroepe groter veiligheid as by ons. Daarvoor is o.a. die hoogste Hof die waarborg. Die homogene party wat by ons politieke almag kan verwerf, kan hom in daardie stelsel nie vestig nie. **As ons as Afrikaners, as Republikeine, so 'n Republiek aan die andersdenkendes sou aanbied, wie weet of ons nie beide hul vertroue en die Republiek langs dáárdie weg gouer sal kry nie.**

**Dit was blykbaar die bedoeling van dr. Hans van Rensburg. Dit was ook die agterliggende idee by die konsep-Grondwet van die Eenheidskomitee. Mag dit verwerklik word.**

# KENIA SE KEUSE

**„Ek het van die ‚Africans' in Kenia ontmoet wat as ekstremiste beskou word en ek het by hulle geen begeerte of bedoeling ontdek om die blanke nedersetters uit die land te verban nie. Hulle eis net gelykstelling." Aldus 'n verklaring van Fenner Brockway, 'n Arbeider-lid van die Britse parlement.**

Hy het voorts verklaar dat Kenia voor die keuse staan om òf in 'n „Malan-apartheidstaat" te ontwikkel òf in 'n demokratiese staat wat uitdrukking gee aan die Britse leefwyse. Volgens sy mening bestaan daar bemoedigende aanduidings dat rassediskriminasie uiteindelik oorwin sal word.

### VERSKILLENDE BELEID

Hierdie parlementslid van die Britse regerende party is volgens sy eie getuienis hoopvol dat Kenia uiteindelik deur die „Africans" regeer sal word. Dit is oënskynlik ook die hoop van die regeringsparty van die moederland van die Britse Statebond. Brittanje wil Afrika vir die naturel gee: Suid-Afrika wil die blanke beskawing in Afrika vestig en beveilig. Op hierdie punt loop die beleid van Brittanje en Suid-Afrika uiteen. Indien Suid-Afrika sy beleid in dade wil omsit dan moet hy op sy eie republikeinse pad loop en nie op die pad van die Britse Empire of Statebond nie.


## LOUIS OLIVIER

FOTOGRAFIE ★ JOERNALISTIEK ★ REKLAME

Ons het nog van die foto's van die Laertrek te Bloemfontein beskikbaar teen:

£1 kontant met bestelling, 10% word aan die organisasiefonds afgegee.

Bestel dadelik asseblief.
**LOUIS OLIVIER, J.B.S.-Gebou, Bloemfontein.**



**Suid-Afrikaanse Spoorweë**

## VAKATURES: KONSTABELS: S.A.S.-POLISIEMAG

Aansoeke van kandidate om aanstelling in bogenoemde vakatures word ingewag.

Applikante moet:—
(1) tussen 18 en 35 jaar oud wees. Applikante onder 21 jaar moet die skriftelike toestemming van hul ouers of voogde verkry om by die Mag aan te sluit;
(2) ongetroud of wewenaars sonder kinders wees;
(3) minstens 5 voet 8 dm. in hulle sokkies staan en 'n borsmaat van 36 dm. hê;
(4) liggaamlik geskik wees vir polisiediens;
(5) (a) Suid-Afrikaanse burgers wees, of
(b) burgers van ander Statebondslande of die Republiek Ierland wees en minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gewoon het.

Suksesvolle kandidate moet so spoedig doenlik na hul aanstelling in die Mag, 'n opleidingskursus van ses maande by die Spoorwegkollege, Kroonstad deurmaak.


Die aanvangs- en maksimumloonskale van toepassing op konstabels is onderskeidelik £20/15/- en £33/10/- per maand plus duurtetoeslag volgens die skaal van toepassing op staatsdienare, uniforms, ens.

Voorsiening word ook gemaak vir aantreklike voordele ten opsigte van pensioene, geneeskundige dienste, reisgeriewe en verlof.

Aansoeke met volledige besonderhede van ouderdom, opleiding en ondervinding moet aan die Hoofsuperintendent van Polisie, S.A.S., Nataldgebou, Pleinstraat 14, Johannesburg, of aan die Bevelvoerende Offisiere, Spoorwegpolisie, by die verskeie afdelingskantore, gerig word.

**W. HECKROODT,** Hoofbestuurder.






**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK WIT VIR FILTER

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

Koop gebaalde lusernhooi direk van die produsent teen 6/- per 100. V.o.s. Modderrivierstasie. Minimum 7 ton k.m.b. L. J. Marais, Bus 26, Modderrivierstasie. 1/11/3B

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie. 4/10/19B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad. T.K.

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

MÜLLER SE MUSIEK-SENTRUMS

Kaapstad . Parow . Bellville
Paarl . Worcester
Stellenbosch

R. MÜLLER BPK.

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEELS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vleklose staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGDHEDE, ENS. 8/11/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## *Was U Ook By Die Ossewaens?*

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..............

..........................*vir die eerste*.......................*maande.*

*NAAM*...................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*...............................................
.........................................................
.........................................................

................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# A.P. SAL VAN TONEEL VERDWYN

**Diskriminasie tussen bondgenote kan nie volgehou word nie, het dr. Jan Steyn L.V. verklaar toe hy voor die O.B.-Laertrek in Bloemfontein as gas-spreker opgetree het. Mnr. Havenga se standpunt was in die verlede dat dit uit die weg geruim moet word. Hy het gesê dat die Afrikanerparty voor die voldonge feit staan dat alles bereik is waarvoor hy geveg het — indien diskriminasie sou wegval. Die A.P. sal nie 'n stryd voer net terwille van 'n stryd nie. Die party sal bereid wees om van die politieke toneel te verdwyn.**

Spreker is nie en was nooit 'n lid van die O.B. nie maar as vriend van die familie wil hy 'n woord tot die O.B. rig.

**ADVIES AAN O.B.**

Die H.N.P. en die A.P. is albei republikeinse partye. Dit getuig hulle programme van beginsels. Daar is derhalwe tussen die partye en die O.B. geen verskil ten aansien van die republiek nie. Al wat oorbly is die inhoud van die republiek. „En is die inhoud wat die O.B. aan die republikeinse ideaal wil gee rede genoeg om 'n aparte politieke beweging in stand te hou?" het dr. Steyn gevra.

**H.N.P. WORD MATIGER**

Spreker het gesê dat die ooreenkoms wat tussen dr. Malan en mnr. Havenga aangegaan is opgestel is om te pas binne die gees van die grondwet. Die Speaker sal bepaal of dit so is op grond van regsadvies. Indien die Speaker bepaal dat dit nie so is nie sal òf die ooreenkoms verval òf 'n gewysigde wetsontwerp ingedien word.

Ten opsigte van die partye het dr. Steyn gesê dat die Verenigde Party besig is om op te breek en dat die H.N.P. matiger word en daardeur sterker.

**AANMOEDIGING**

In 'n woord van dank aan dr. Steyn het die K.G. gesê dat die spreker op sy persoonlike uitnodiging gekom het. Hoe eerder ons 'n beter verstandhouding kan skep met ander Afrikaners hoe beter.

**Prof. H. M. van der Westhuysen het gesê dat dr. Steyn se verklaring dat albei die regeringspartye republikeinse partye is 'n aanmoediging vir die O.B. is om sy republikeinse strewe op die voorgrond te stel en om aan te dring op die stigting van die republiek.**

## Londen en Moskou

'n Beweging in België om Vlaandere af te skei van Wallonië is besig om veld te wen as gevolg van die gedwonge abdikasie van koning Leopold II. Oral verskyn daar plakkate wat hierop aandring.

Volgens die ingeligte blad Intelligence Digest was dit hoofsaaklik georganiseerde Kommuniste wat in groepe rond beweeg het wat die regering die skrik so op die lyf gejaag het dat daar tot abdikasie van die koning besluit is. Die twee sterk faktore in hierdie krisis, aldus die blad, was die invloed van Londen en Moskou. „Hooggeplaaste persone het België besoek en anti-Leopold-propaganda gemaak in private gesprekke."

Ook in hierdie opsig het Londen in die hand van Stalin gespeel wat graag verdeeldheid in elke Europese vesting wil saai.

### VERLORE POLIS

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEVENSVERZEKERING GENOOTSCHAP.

Mutual-gebou, Darlingstraat, Kaapstad.

Polis No. 396899 vir £300 gedateer 14/9/1939 op die lewens van en die eiendom van JACOB WYBRAND HUISAMEN en MARIA MAGARETHA H. HUISAMEN.

Polis No. 351071 vir £200 gedateer 8/7/1937 en Polis No. 672933 vir £200 gedateer 17/3/1949 op die lewe van en die eiendom van JACOB WYBRAND HUISAMEN.

Kennisgewing geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse aan die Genootskap gelewer is, en enige persoon wat die polisse besit of op enige belang daarin aanspraak maak, moet asseblief dadelik per geregistreerde pos die Genootskap daarvan meedeel. Indien geen sodanige mededeling ontvang word nie, sal gesertifiseerde afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrakte sal wees) aan die eienaar uitgereik word.

T. A. MURRAY,
Hoofbestuurder.

## Moenie Republiek Voorop Stel

**In 'n hoofartikel skryf Die Vaderland dat hy „die raad (wil) aanprys wat dr. Jan Steyn L.V. so beskaafd aangedien het. ‚As die Afrikanerparty sy ideale bereik het', het dr. Steyn gesê, ‚dan kan hy met gerustheid verdwyn.' En hy het bedenkend laat volg: ‚Is die inhoud wat die O.B. aan die republikeinse ideaal wil gee rede genoeg om 'n aparte politieke beweging in stand te hou?' Hier is van die kant van die Afrikanerparty, die bereidwilligheid om sy raad met eie daad te eksemplifiseer."**

Voorts skryf die blad dat dr. Van Rensburg hom die mening nie moet verkwalik dat hy die vooropstelling van die republikeinse ideaal maar ongesê kon gelaat het nie. Die blad vervolg: „Want, onder ander implikasies, beteken die poging om die republiek voorop te stel 'n mate van komplikasie vir die O.B. se goeie vriend mnr. Havenga. Dit is nl. nie denkbaar nie dat die poging om die O.B. te maak ‚draer van die republikeinse ideaal buite die politiek' iets anders as vertroebeling sal afgee nie."

**PADLANGSE WOORDE**

Die Vaderland verwelkom egter dr. Van Rensburg se woorde oor die samewerking tussen die partye. „Soos verwag", skryf die blad „het dr. Hans van Rensburg in Bloemfontein ten duidelikste verklaar dat die Ossewabrandwag die laaste sal wees om te probeer 'n stok steek in die wiel van samewerking tussen dr. Malan en mnr. Havenga. Sy padlangse woorde de smoor alle moontlike kwaaddenkendheid in die kiem."

## *Oom Betig Seretse*

Nuwe getuienis insake die Kgama-geval is gelewer deur Tshekedi Kgama wat bekend gemaak het dat hy en Seretse Kgama in Augustus 1949 'n ooreenkoms onderteken het waarin verklaar word: „Dat hulle sal afstand doen van die reg van hulself en hul kinders op die opperhoofskap van die Bamangwato." Tshekedi verklaar dat Seretse, ten spyte van die ooreenkoms, pogings aanwend om na Betsjoeanaland terug te keer as opperhoof en dat hy die steun verkry van verskeie liberalistiese organisasies.

Seretse het erken in Londen dat hy so 'n ooreenkoms onderteken het.

## *Spanje en S.A.*

Volgens verklaring van Suid-Afrikaners wat Europa besoek word die beste begrip van Suid-Afrika in sy stryd teen V.V.O.- en buitelandse vooroordele in Spanje aangetref.

Sou dit wees omdat Spanje self 'n voorwerp van V.V.O.-vervolging is, of moet dit toegeskryf word aan die feit dat die Spaanse volk beter ingelig word deur 'n pers wat in die afwesigheid van 'n partypolitieke stelsel afgeleer het om dinge net deur 'n gekleurde bril te sien?

## Tweede Kongres Van SABRA

„Die naturel in die nywerheidswese in Suid-Afrika" sal die tema wees wat bespreek sal word as die tweede jaarvergadering van SABRA (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede) vanaf 9 tot 12 Januarie 1951 in die Pretoriussaal van die Pretoriase stadhuis plaasvind.

Die vergadering sal op Dinsdag, 9 Januarie, om 8.30 nm. deur die Minister van Naturellesake, dr. H. F. Verwoerd, geopen word.

Woensdag, 10 Januarie sal prof. dr. J. L. Sadie 'n referaat lewer oor die tema: „Bevolkingsen beroepsaspekte," terwyl mnr. R. Wronsky sal praat oor: „Die werwing van naturelle-arbeid en die migrasie-stelsel."

'n Referaat oor „Die naturel in die nywerheid" sal Donderdag, 11 Januarie gelewer word deur mnr. J. L. de Beer, en mnr. C. W. Prinsloo sal praat oor: „Vraagstukke i.v.m. stedelike naturelle-arbeiders."

Vrydag, 12 Januarie sal dr. F. J. van Biljon praat oor: „Die plek van die naturel in die toekomstige nywerheidsontwikkeling van Suid-Afrika."

# HERSTELWERK AAN VROUEMONUMENT

**Die sekretaris van die Nasionale Vrouemonumentkommissie, Posbus 704, Bloemfontein, skryf dat die gedenknaald wat indertyd deur 'n oorlog-verarmde nasie met goedkoop sandklip opgerig is ter ere van die 27,000 vroue en kinders wat omgekom het, tans ernstige tekens van verval toon en dat dit dringend nodig geword het om dit te herstel.**

Opmerkings wat ons volk nie tot eer strek nie is reeds telkens deur besoekers gemaak — besoekers uit ons eie land en van talle van oorsese lande wat almal diep geroer is deur die boodskap wat hierdie gedenksuil so diep treffend in sy eenvoud daar in die eensame veld dra; maar dit verstom hulle dat 'n volk dit kan toelaat dat so 'n trotse erfenis nie beter versorg word nie.

In die geloof dat 'n dankbare nasie hom nie in die steek sal laat nie, het die Vrouemonumentkommissie reeds begin met die nodige herstelwerk, wat volgens raming meer as £3,000 sal bedra.

'n Beroep word op elke Afrikaner gedoen om ewe blymoedig as ons diepbeproefde nasie van 1912/13, wat vir ons hierdie erfenis in sy armoede nagelaat het, die hand nogmaals in die sak te steek en die eer van ons volk en van die nagedagtenis van ons kampmoeders en kinders te red.

DIE Boerejeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 22 NOVEMBER 1950

*Vir ons Offisiere Verduidelik ons . . . .*

ONS BELEIDSPUNT NO. 4

# Net Volksgenoot Kan Burger Word

Burgerreg is die grootste reg wat die staat aan 'n persoon kan vergun. Dit maak hom een van die familie en stel hom in staat om medeseggenskap op die vorming en toekoms van die volk uit te oefen. Daarom moet die vergunning van burgerreg ten strengste beheer word.

Meeste burgers is burgers deur geboortereg. Hulle is hier van ouers gebore wat self burgers is en wat nog nooit 'n ander staatsburgerskap besit het nie. Andere, weer, verwerf dit deur naturalisasie.

Maar as 'n persoon eenmaal as burger genaturaliseer is, dan kan jy hom dit nie meer ontneem nie. Al sou jy hom „denaturaliseer", kan jy sy vorige vaderland, wat hy intussen afgesweer het en wat derhalwe met hom niks meer te doen het nie, nie dwing om hom terug te neem nie. Met ander woorde, jy kan hom dalk hier sekere regte ontneem, maar jy kan hom nie weer deporteer nie. **Ontsla kan jy van hom nie raak nie,** as jy hom eenkeer genaturaliseer het.

Dit, op sigself al, is genoeg om 'n mens tot groot kieskeurigheid te stem in verband met die verlening van burgerskap.

Daarom sê die Ossewabrandwag dat hy slegs dié Blankes ingeburger wil sien, wat waardevolle bestanddele van die volk van die toekoms kan uitmaak, mense wat assimileerbaar is. By 'n volk wat blank en Christelik is, kan daardie assimileerbares vanselfsprekend net blanke Christene wees.

Verder is dit 'n vereiste dat die aspirant-burger **'n onverdeelde trou teenoor Suid-Afrika daarop moet nahou.** Alle lojaliteit teenoor ander state en volkere moet voor die inheemse trou wyk — anders word sy begeerte om hier burger te word, verwerp. **Dis vir hom om ons te oortuig dat hy daardie onverdeelde trou besit.** Die bewyslas rus op hom — nie op die staat waarvan hy regte wil verkry nie.

Maar, mag gevra word, wat van die twee blanke rasse wat alreeds in Suid-Afrika wortel geskiet het? Gaan die Ossewabrandwag die Engelssprekendes gelyke burgerregte gun?

Die beleidspunt spreek vir homself, waar dit staan: **„dus, benewens Afrikaans- en Engelssprekende burgers van vandag."**

Dog ons kan die punt verder behandel.

Toe dit duidelik begin word het dat Duitsland die oorlog gaan verloor, het baie mense wat eers vir wyle genl. Hertzog uitgekryt het, „omdat hy gelyke regte aan die Engelse wil toeken," begin anders praat en selfs 'n Engelse blad stig om die Engelssprekendes te probeer oortuig dat hulle nooit teen hulle was nie.

Ons wil nie sê genl. Hertzog was verkeerd toe hy gelyke regte bepleit het nie, en ons wil nie sê sy teenstanders was verkeerd toe hulle later anders begin praat het as wat hulle in die eerste dae van die oorlog gepraat het nie. Inteendeel, soos ons beleidspunt aandui, deel ons ook daardie sienswyse. **Maar dit kom nie soseer daarop aan wat 'n mens sê nie: dit is baie belangriker om te weet hoe seer 'n mens dit opreg bedoel.** Dit is baie belangriker om te weet wat mense oor hierdie vraag in die begin van die oorlog gesê het, toe die uitslag baie anders gelyk het, as om te hoor wat hulle sê na die einde, toe die Engelse haantjie kraai.

Wat was die houding van die Ossewabrandwag vanaf die begin, of altans vanaf begin 1941, **net na Duinkerke, toe die wêreld vir die Engelse — en ook vir die Engelssprekende Afrikaner — maar baie swart gelyk het;** en toe die meeste van hulle moes gevoel het dat hulle baie meer het om te verloor as wat hulle het om aan te bied — ook aan die Afrikaanssprekende Afrikaner?

Die verstandigste ding is om hier woordelike aanhalings uit 'n toespraak te maak wat destyds deur die O.B.-leier aan 'n gehoor wat alleen uit Afrikaanssprekende en Ossewabrandwaglede bestaan het, gelewer is. So 'n toespraak — of die lede daarmee saamstem of nie — **kon net een bedoeling hê,** naamlik om Afrikaanssprekendes te oortuig dat Afrikanerskap net soseer 'n reg — **en ook net soseer 'n plig** — van die Engelssprekende Afrikaner as van die Afrikaanssprekende kan wees.

Die toespraak van die O.B.-Leier was te Parys, op 16 Januarie 1941. Ons haal daaruit aan:

„Die Engelssprekende Afrikaner is histories in die grond van ons vaderland gewortel en ons moet met hom saam leef vir wel of wee. Maar ons vra hom, in alle erns, om te besef dat ook **hy** met **ons** moet saamleef, vir wel of wee. En waar ander mense wat ook sy taal praat, maar wat nie sy Afrikanerpatriotisme deel nie, skimp en skel op sy landgenote wat nie sy taal praat nie . . . waar **daardie** situasie ontstaan, daar word hy voor 'n keuse geplaas, en wel 'n keuse waarin ons 'n lewendige belang het. **En van daardie keuse wat hy maak, hang die toekomstige verhouding tussen hom en ons af.** Maar dit bly sy keuse en sy verantwoordelikheid en ons kan dit nie vir hom doen nie.

„As mense sê, ons is anti-Engelssprekende Afrikaners, dan sê ek: ,Dit is onwaar.' Maar ons is bitterlik anti-Britse Imperialisme.

„Ons wil van die Empire afskei, nie net omdat dit ons reg is nie, maar ook omdat dit ons plig is, sodat ons ons eie en enigste vaderland kan dien sonder om deur tweeledige lojaliteite gekortwiek te word . . .

„Ons is nie teen die Engelssprekende Afrikaner nie . . . ons hou van hom. So veel dat ons sy Afrikanerdom bo alle verdenking wil plaas deur hom van daardie dubbelsoortige lojaliteit te verlos wat hom nou kniehalter elke keer wat hy in die honderd persent Afrikanergeledere wil tree. As 'n gekniehalterde perd nie vryelik en vinnig kan beweeg nie, dan is dit 'n dom boer wat die perd die skuld wil gee. Die verstandige boer maak die kniehalter los. In hierdie geval is die kniehalter se naam ,Empire-Engeland.' "

Uit die so-ewe aangehaalde toespraak, wat gelewer is voor 'n Afrikaanssprekende gehoor te Parys, kan die leser self aflei wat die Ossewabrandwagstandpunt ten opsigte van die Engelssprekende Afrikaner is, naamlik dat **die getrouheid teenoor ons gemeenskaplike vaderland die toetssteen is, waaraan sy Afrikanerdom te mete is.**

**Dit** kan die leser onthou en **ook dat dit die standpunt van die O.B. was in die dae van Duinkerke** . . . en nie in die dae van die „New Era" nie.

Ons het nog geen rede gesien om daardie standpunt te verwater of te wysig nie.

## VERJAARDAG-KETTING

**NOVEMBER**

15 Frikkie Dreyer, Frankfort, O.V.S.
Monica de Bruyn, Frankfort.
16 Daniel Grobbelaar, Fauresmith.
Hendrik Taljaard, Bosbokrand, Tvl.
Allen Breytenbach, Kirkwood.
Petra Olivier, Beaufort-Wes.
17 Anna Degenaar, Frankfort.
Sanna Smith, Oudtshoorn.
18 Adriana le Roux, Buurmansdrift.
19 Catherina Gericke, Frankfort.
Rinska van Achterbergh, Kensington, Johannesburg.
Hilda Morland, Franschhoek.
Hercules Lotter, Franschhoek.
Hester Smith, Oudtshoorn.
20 De Villiers du Toit, Aliwal-Noord.
Agnes Nel, Oudtshoorn.
Johnny Claassen, Oudtshoorn.
21 Dulcie Hopkins, Stellenbosch.
22 Elizabeth Venter, Jeppe, Johannesburg.
Catharina Niewoudt, Buurmansdrift.
Anna de Beer, Kakamas.
23 Delarey Nel, Port Elizabeth.
Annemarie Hugo, Franschhoek.
24 Cornelia Fouche, Vryburg.
Juliana Rademeyer, Oudtshoorn.
25 Martha Pretorius, Frankfort.
Johannes Aggenbach, Kakamas.
27 Catharina Venter, Derby, Tvl.
Enita Roux, Paarl.
Johannes Wagener, Oudtshoorn.
Chris Stander, Oudtshoorn.
28 Catrina Botes, Parys, O.V.S.
Aletta Nel, Kakamas.
M. Strydom, Oudtshoorn.
29 Hermanus Steyn, Frankfort.
Aletta Engelbrecht, Groot Marico.
Hermina Kilian, Middelburg, Tvl.
Betsie du Toit, Wellington.
Helena Gunter, Paarl.
Anna Coetzee, Upington.

# Bolandse-Offisiere Byeen

*Hernude Geesdrif Na Saamtrek*

Verlede Vrydagaand was vir die Boerejeug van Kaapland weer 'n opknappertjie, want hulle het weer die geleentheid gekry om saam te gesels en die gees van kameraadskap te verwarm.

'n Goed verteenwoordigende saamtrek het in Paarl — ons ou bymekaarkomplek — onder leiding van Jeughoofkomd. Taljaard plaasgevind, met offisiere van die Skiereiland, Paarl, Wellington, Malmesbury, Stellenbosch en Worcester/Rawsonville aanwesig.

Die offisiere het met aandag en belangstelling geluister na Generaal Kamffer se verslag oor die laertrek op Bloemfontein. Die boodskap wat hy vir ons daarvandaan saamgebring het, was vir elkeen 'n inspirasie. Dit het ons almeer duidelik geword dat die taak van die O.B. in hierdie dae van onsekerheid, al hoe duideliker word en dat dit die plig van ons, die Boerejeug, is om daardie taak nog verder te dra en uiteindelik te verwesenlik.

**Graag dan ook dat ons hier in die Suide die boodskap wat ons Jeugleier daar op Bloemfontein aan die U.R. gebring het, naamlik dat die Boerejeug vasbeslote is om met sy aktiwiteit voort te gaan, verwelkom.**

En die vergadering van offisiere het dan ook somar die geleentheid te baat geneem om sy hele posisie en organisasie in oënskou te neem en vir die werk wat voorlê, op te knap en prakties by omstandighede aan te pas. Hiervan sal die offisiere wat ongelukkig nie op die vergadering teenwoordig kon wees nie, eersdaags direk besonderhede verneem.

Ook het die offisiere ons publikasie-bronne bespreek en sekere voorstelle gedoen waaroor ons elders meer besonderhede plaas.

En dan, wat natuurlik op almal se lippe was — ons jaarlikse laertrek. Ja, almal wou net weer gaan. Ons terrein op Franschhoek het nou ongelukkig afgebrand, maar die Boland is tog oral ewe mooi. Ons moet gaan laerslaan!

## KOM JULLE LAER-TOE?

Kaapland is van plan om vanaf 8 tot 15 Desember weer 'n groot Boerejeug-laertrek te hou. Ons gaan sommer lekker saam kamp. Waarskynlik hier by Wellington of Paarl se kant.

Boerejeuglede, veral daar uit Transvaal en ou Vrystaat word hartlik uitgenooi om vir ons te kom kuier.

As julle wil kom, stuur ons dadelik julle naam en adres. Volledige besonderhede sal dan aan julle gepos word.

## ,Die Boerejeug'

Soos julle uit 'n verslag oor 'n offisierssaamtrek, elders op hierdie bladsy sal opmerk, is die publikasie- en voorligtingsbronne van ons Beweging nou die ander dag onder die vergrootglas geplaas. Die offisiere het lank en deeglik die saak oordink en bespreek en ten slotte gevoel dat hulle 'n verandering wil hê.

Ons dink dit is 'n goeie voorstel en is seker dat julle sal saamstem.

Die vergadering het gevoel dat „Die Boerejeug" soos julle hom nou hier sien, naamlik as 'n byvoegsel tot „Die O.B. nie genoeg van ons **Boerejeuglede** direk bereik nie. Ja, ons weet ons sirkulasie is baie wyd en dat alle O.B.-lede en selfs talle en talle nie-O.B.-lede die blad gretig lees. Maar wat van ons kinders — veral die honderde Boerejeuglede wat op kosskool is. Ma en Pa kry die blad by die huis, maar ons sien dit nooit hier op kosskool gedurende die kwartaal nie. En wat van ons wat lede van die Boerejeug is en wie se ouers nie O.B.-lede is nie?

Ons offisiere het gevoel dat dit nodig geword het dat **elke** Boerejeuglid direk deur die pos gereeld sy eie bladjie kry — en dit gratis. 'n Blad vol nuus, stories, wedstryde, artikels en wat nog. Julle weet, net soos „Vuurslag" was, voordat ons dit 'n offisiersblad gemaak het.

**„Die Boerejeug soos julle hom nou hier lees, sal dan van volgende jaar af nie meer verskyn nie,** maar in die plek daarvan gaan elkeen van julle gereeld, sê maandeliks, julle eie, kom ons sê nuusbrief — en ons noem hom „Die Boerejeug" — oor die pos ontvang. Verniet.

Ons wil egter julle volle naam en adres hê. Vul dus asseblief dadelik die vormpie wat hierby verskyn, in en pos dit **dadelik** aan ons terug. Die tydskriffie gaan ons net aan julle stuur as ons julle name ontvang het! Doen dit dus dadelik.

## BRIEWE-KOLOM

Beste Maats,

Vandeesweek is hier een lekker lang brief van Upington. Lenie de Klerk skryf van die naderende onheil wat meeste van julle seker reeds pla — die eksamen. Meeste outjies is al hard besig om te skryf, terwyl die ander nog blok. Toemaar, daarna wag 'n aangename en baie lang vakansie. Vir Lenie is dit egter geen troos nie want sy begin kort na die eksamen werk. Dus geen vakansie vir haar nie.

Sy vertel dat die wêreld nou pragtig in hulle omgewing is. Volgens haar is dit maklik so mooi soos die Boland. Wel, dan **moet** dit mooi wees!

As julle 'n kansie kry in die vakansie, skryf aan ons hoe dit met die eksamen afgeloop het. Ons is baie nuuskierig om te weet.

**Aan „Die Boerejeug", Posbus 1411, Kaapstad.**

Neem my naam asseblief op sodat ek „Die Boerejeug" gereeld volgende jaar oor die pos kan ontvang.

VAN: ..........................................

VOORNAME: ..........................................

HUISADRES: ..........................................

..........................................

Koshuis-adres: ..........................................

(indien enige) ..........................................

Geboortedatum: ..........................................

Was of is jy 'n offisier in die Boerejeug? ..........................

**NUWE ADRES VAN BOEREJEUGHOOFKANTOOR: POSBUS 1411, KAAPSTAD.**

# VERKIES PLUISKEIL BO PLUIMHOED

**Daar het heelwat veranderinge in die reses plaasgevind in die samestelling van die Parlement en wanneer hy aanstaande jaar op 19 Janurie vergader, sal die nuwe ampsbekleders en lede hulle plekke in die kalklig moet inneem.**

### KONING-TOE

Die nuwe goewerneur-generaal, dr. E. G. Jansen, sal die opening waarneem. Dit sal die eerste keer wees dat hierdie taak deur 'n Afrikaanssprekende Afrikaner verrig sal word. Die Goewerneur-generaal is Sy Majesteit se verteenwoordiger in Suid-Afrika en hy moet Sy Majesteit se Suid-Afrikaanse parlement open in opdrag van en namens Sy Majesteit. **Dit is derhalwe ook die eerste keer dat 'n Afrikaanssprekende en nasionaalgesinde Afrikaner Sy Majesteit se verteenwoordiger in Suid-Afrika sal wees. Dr. Jansen gaan eersdaags, vóór die opening van die Parlement, na Londen om oudiënsie aan te vra by die Koning, namens wie hy in Suid-Afrika moet optree. Daar is gissings oor die drag waarin dr. Jansen hom sal laat klee vir die opening. Verwag word dat as die Koning daartoe verlof gee hy nie die seremoniële drag met pluimhoed en so meer sal dra nie, maar diplomatieke drag sal aanhê — dit is pluiskeil, manel en streepbroek.**

### NUWE SPEAKER

Drie nuwe ministers sal help om die Parlement te lei. Hulle is mnr. Tom Naudé, mnr. Jan Viljoen en dr. Hendrik Verwoerd. Eersgenoemde twee is volksraadslede en laasgenoemde is 'n senator. In die plek van mnr. Naudé sal 'n nuwe Speaker verkies moet word. Die Eerste Minister het reeds aangekondig wie hy gaan voorstel, nl. adv. J. Conradie L.V. vir Gordonia. Die keuse het nie geval op dr. D. G. Conradie wat tans adjunk-Speaker is nie. Adv. Conradie is 'n lid van die H.N.P. wat in die afgelope jare baie troue dienste aan sy party gelewer het. Dr. Conradie is 'n lid van die Afrikanerparty.

In die Volksraad sal daar elf nuwe lede wees en in die Senaat drie. Die ses volksraadslede en twee senatore uit Suidwes is reeds aangewys. Daar is nog een vakature in die senaat weens die afsterwe van mnr. C. H. Malcomess en twee uit die vyf tussenverkiesings wat in die Unie op hande was, het reeds plaasgevind.

### TUSSENVERKIESINGS

In die kiesafdeling Turffonhet die V.P.-kandidaat 4993 stemme behaal teenoor die Onafhanklike Eenheidskandidaat se 1183 stemme. In 1948 het die V.P.-kandidaat 4463 stemme behaal. Die jongste verkiesing toon derhalwe 'n V.P.-wins van 530 stemme. In De Aar-Colesberg het die H.N.P.-kandidaat 5406 stemme behaal teenoor sy V.P.-teenstander se 3382. In 1948 het die H.N.P.-kandidaat 5470 stemme en die V.P.-kandidaat 3312 stemme behaal. Die H.N.P.-meerderheid is 134 stemme minder as by die algemene verkiesing in 1948 en 187 minder as by die provinsiale verkiesing in 1949.

Op 13 Desember vind die laaste drie tussenverkiesings plaas in Pretoria-Oos, Wolmaransstad en Smithfield. Verwag word dat die V.P. eersgenoemde en die H.N.P. laasgenoemde twee setels sal verower.

### EERSTE MINISTER

Op die huidige tydstip het die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, weens siekte, tydelik sy amp ontruim en neem mnr. N. C. Havenga waar as Eerste Minister. Mnr. J. G. N. Strauss sal eersdaags formeel gekies word tot leier van die V.P. en hy sal derhalwe aanstaande jaar as onbetwiste leier van die opposisie sy plek in die parlement inneem.

Daar bestaan nog baie onsekerheid oor die toekomstige posisie van dr. A. J. Stals. Hierdie minister se gesondheid laat veel te wense oor (hy is juis nou weer besig om te herstel na onlangse behandeling in 'n hospitaal) en dit is nie onmoontlik dat dr. Stals eersdaags uit die openbare lewe sal tree nie. Sommige koerante beweer dat dr. Karl Bremer minister van gesondheid sal word wanneer dr. Stals uittree.

# Grondbewaring Afgeskeep

**Die Minister van Landbou, mnr. S. P. le Roux, het verlede week te Bergville op 'n gesamentlike vergadering van die grondbewaringskomitee en boerevereniging boere versoek om geduldig te wees en met die Afdeling Grondbewaring saam te werk. In verband met die moontlikheid om kragte vir grondbewaring oorsee te werf, het min. Le Roux gesê dat hy twyfel of die regte mense gevind sal word.**

'n Paar weke gelede het mnr. C. J. J. van Rensburg, 'n amptenaar wat reeds onderskeiding verwerf het weens sy ywer vir grondbewaring, hom baie skerp uitgelaat oor die wyse waarop die vraagstuk aangepak word. **Die probleem sou hier te lande opgelos kan word as dit op dieselfde skaal en met dieselfde geesdrif aangepak sou word as in die Verenigde State waar die erosievraagstuk binne twaalf jaar opgelos is, en as die regte persone in seniorposte geplaas sou word, het hy gesê.**

„Ek weet dat staatsdiensregulasies hierdie soort kritiek op 'n staatsdepartement verbied. Ek weet wat die gevolge vir my waarskynlik sal wees, maar ek weet ook wat die gevolge vir Suid-Afrika sal wees as ons nie onverwyld 'n begin maak met 'n landswye grondbewaringsprogram," het hy gesê.

### „VRUGTELOSE LAPWERK"

Mnr. Van Rensburg beweer dat Suid-Afrika se grondbewaringsprogram, soos dit nou toegepas word, „vrugtelose lapwerk" is.

„As hulle my in die pad steek," het hy verklaar, „is ek bereid om dit te verduur, want dit sal help om aan te toon hoe belangrik ek die vraagstuk ag." **Hy is bereid om die risiko te loop, want ná vyf jaar op die agtergrond is hy nou op 'n reis deur Suid-Afrika geskok oor die wyse waarop gronderosie in die vyf jaar toegeneem het.**

### „DEPARTEMENT LAKS"

„Dit is nie die regering wat ek kritiseer nie, maar die verantwoordelike departement," het hy gesê. „Die vorige regering was net so laks wat die probleem betref, as die huidige een. Erosie het egter 'n stadium bereik waar dit ons dringendste nasionale probleem geword het. Dit is baie belangriker as enigeen van ons rassevraagstukke, meer dreigend as die Kommunisme. Nogtans neem die regering wetgewing oor hierdie vraagstukke aan en laat die erosievraagstuk links lê . . . **Dit is 'n vraagstuk wat bo die partypolitiek behoort te staan, en behoort met dieselfde nasionale inspanning as 'n oorlog aangepak te word."**

Daar is genoeg personeel om die werk aan te pak, maar die hoëre amptenare is die verkeerde manne vir die poste en pas 'n verkeerde beleid toe, het hy besluit.

Mnr. Van Rensburg is na hierdie uitlating deur die departement tot verantwoording geroep, maar dit is onbekend wat die gevolg was.

## Vrede Agter Die Gordyn

Die kommunisties-beheerde „Wêreldvredeskonferensie" wat in Sheffield, Engeland, sou plaasgevind het. is sak en pak verskuif na Warschau, Pole, omdat die Britse regering geweier het om 'n groot aantal van die afgevaardigdes die land te laat inkom.

Die optrede van die Britse regering het die algemene gevolg gehad dat die afgevaardigdes gesif is: die kommuniste is toegang tot die land geweier en die pasifiste en eksentrieke persone is toegelaat. Dit het die kommuniste wat die „vredeskonferensie" wou gebruik vir hul eie doeleindes gladnie gepas nie — want daardeur het die „vredeskonferensie" gevaar geloop om te „ontaard" tot 'n werklike vredeskonferensie. Daarom is die verskuiwing gelas na Warschau wat agter die kommunistiese „ystergordyn" geleë is.

## WOLSELEY KRY VERSLAG

**Offisiere en brandwagte van die Wolseley-kommando het verlede Saterdagmiddag byemekaargekom op die plaas Viljoensdrift van mnr. J. P. Viljoen.**

Mnr. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier in Kaapland, het verslag gedoen van die pasgehoue Laertrek en die besluite wat daar geneem is en die beleid wat daar uiteengesit is, verduidelik.

Mnr. Hempa Conradie (kommandant) het die verrigtinge gelei en mev. A. M. du Toit (kommandante) het in samewerking met die vroue van haar kommando heerlike verversinge bedien.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# V.V.O. MAG INMENG

**Suid-Afrika het in die afgelope week twee nederlae gely in die politieke komitee van die V.V.O. ten aansien van Indië se klag oor die behandeling van Indiërs in die Unie.**

Mev. Pandit, suster van die Indiese eerste minister, het voor die politieke komitee van die V.V.O. se algemene vergadering gekla dat die behandeling van Indiërs in Suid-Afrika bydra tot die algemene wêreldspanning. Sy het derhalwe voorgestel dat die algemene vergadering van die V.V.O. meen

„dat die wet op Groepsgebiede in stryd is met die doelstellinge en beginsels van die Handves van die V.V.O. en die Deklarasie van Menseregte en aanbeveel dat die regering van Suid-Afrika spoedig die nodige stappe doen om sy behandeling van die mense van Indiese herkoms in Suid-Afrika in ooreenstemming te bring met die doelstellinge en beginsels van die Handves van die V.V.O. en die Deklarasie van Menseregte."

### REG BETWIS

Dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake en leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging het in 'n skitterende betoog die reg van die politieke komitee sowel as van die V.V.O. betwis om Indië se klag te behandel. Hy het aangevoer dat die verhoudings tussen 'n staat en sy burgers, met inbegrip van die behandeling van die burgers, volgens die internasionale reg 'n saak van huishoudelike jurisdiksie is. Geen ander staat of organisasie kan daarmee inmeng nie.

**Die politieke komitee het egter verlede Saterdag met 'n oorweldigende meerderheid besluit dat die V.V.O. bevoeg is om Indië se klag van rassediskriminasie teen Indiërs in Suid-Afrika te behandel. Suid-Afrika se bewering dat dit 'n saak van huishoudelike jurisdiksie is, is met 35 stemme teen drie verwerp. Sewentien lande het buite stemming gebly.**

'n Paar dae tevore het die politieke komitee 'n voorstel van Chili goedgekeur dat die inhoud van die Suid-Afrikaanse Groepsgebiedewet as amptelike stuk van die V.V.O. gesirkuleer word. Altesaam 25 lande het vir die voorstel gestem; vier daarteen; en 20 het buite stemming gebly.




Besien Suid-Afrika—
beskerm deur
'n Motorpolis by
SANTAM
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke en Agentskappe Oral
2808-12a

Kotzé
Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD



Waar u ook mag wees




Kommando
die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret
GI-3052-AM